***In Kana in die dal:***

***Uitstappie na Kana in die dal***

**210** Die volgende dag onderneem ons `n sogenaamde uitstappie na `n dal wat presies tussen beide bergkettings lê in die rigting van Samaria, deur welke dal tewens `n hoofweg na Damaskus loop en van daaruit verder na al die kleiner en groter plekke van Midde-Asië, wat dan ook die rede was dat die tol van Kisjonah in die plek Kis een van die mees winsgewende in die hele Galilea was.

[2] In hierdie dal lê natuurlik `n groot aantal klein plekkies, waar baie Judeërs en Grieke woon wat hoofsaaklik handel dryf. Die naaste aan Kis, ongeveer twee uur se loop die dal in, lê `n plek wat ook Kana heet, waarom mens dan ook, as mens Kana in die omgewing van Násaret bedoel, daar "in Galilea" aan toevoeg; as mens slegs "Kana" sê, dan verstaan mens daaronder die tweede Kana in hierdie dal, wat al in die gebied van Samaria lê, en waarom dan ook in Kis, as die grensdorp tussen Galilea en Samaria, die grootste tol aan die grens was.

[3] Hierdie Kana word meestal deur Grieke bewoon, sodat teenoor elke Judese familie daar miskien vyf Griekse families was; die Judeërs leef merendeels van akkerbou en veeteelt, terwyl die Grieke hulleself slegs met handeldryf besig hou.

[4] Ons besoek dus hierdie Kana en veral die Judeërs wat daar woon, waarvan `n deel deur die sluwe en listige Grieke dikwels skandelik bedrieg word, en hulle, as eienaars van die land en die grond byna alleen al die belastings en ander laste moet dra, en daarom ook dikwels uit boosheid en droefheid siek of sieklik was.

[5] Toe ons in Kana kom en sowel Judeërs as Grieke Kisjonah sien, wat hulle almal goed ken, kom hulle gou na hom toe, groet hom en vra hom om geduld met hulle te hê, want sowel Judeërs as Grieke was hom groot somme geld verskuldig.

[6] Maar **Kisjonah** sê: "As ek iets van julle wil eis, dan hoef ek nie self hierheen te kom nie, maar dan sal ek my knegte gestuur het; ek kom egter om vir julle `n groot troos te berei deur wat ek julle almal hier nou in die openbaar meedeel: julle skuld aan my is meer as voldoende betaal, want my en julle Meester het dit betaal en aan my volledig vereffen, en julle kan daarom nou sonder verdere sorge vrolik wees."

[7] Toe die inwoners van Kana dit hoor, is hulle so uitermate verheug dat hulle beslis wil weet wie en waar die meester is wat hulle so `n groot weldaad en genade bewys het, want hulle wil na hom toe gaan en hom dank en eer!

[8] Terwyl **Kisjonah** sy hand op My skouer lê, sê hy: "Dit is Hy, buig voor Hom julle knieë!"

[9] Toe **die inwoners van Kana** dit hoor, val hulle almal voor My op hulle knieë en aangesigte en roep: "Ere aan u, volkome onbekende weldoener! Watter goeie en vriendelike dinge het ons u dan ooit gedoen dat u uself oor ons groot ellende wil ontferm?! En omdat u as algeheel onbekende meester en weldoener ons so `n ongehoorde groot genade bewys het, vra ons almal wat ons vir u kan doen, sodat ons die geleentheid kan hê om ons U genade ietwat meer werd te betoon as waartoe ons nou as volkome vreemdelinge vir U in staat is!"

[10] **Ek** antwoord: "Wees vanaf hede in alle dinge regverdig; het Elohim bo alles lief en julle medemens soos julleself, want hulle is almal julle naaste, of dit nou vriend of vyand is; doen goed aan diegene wat julle kwaad doen; seën die wat julle vervloek en bid vir hulle wat julle vervolg, dan sal julle as kinders van die Allerhoogste opgeneem word. **Daaruit bestaan dan ook die enigste egte dank aan My vir alles wat Ek vir julle gedoen het**. Dit is al wat Ek van julle verlang!"

[11] **Die Grieke** sê: "Meester en vriend! Ons het soveel gode! Watter van die baie gode moet ons dan bo alles liefhê? Zeus, Apollo, Mercurius of miskien `n ander van ons twaalf hoofgode? Of moet ons die Elohim van die Judeërs so liefhê? Maar die Elohim van die Judeërs is waarskynlik dieselfde as ons Chronos; hoe kan ons hierdie buitengewone Elohim bo alles liefhê?"

[12] **Ek** sê: "Die gode/elohim wat julle Grieke vereer, is niks anders nie as onbeduidende voortbrengsels, deur mensehande uit materie gemaak; en julle kan hulle duisende jare lank vra, aanbid, vereer en meer as julle eie lewens liefhê, maar hulle sal julle tog nooit verhoor en iets goeds vir julle doen nie om die baie eenvoudige rede dat hulle in die lewende werklikheid niks is nie en nie bestaan nie.

[13] Maar die Elohim van die Judeërs, wat die meeste van hulle nou ook nie meer in volle waarheid wil erken nie, **en wat hulle in stede van in die gees en in die waarheid van hulle harte, wat ten diepste ware liefde is,** slegs maar deur baie **smerige en dooie seremonies** aanbid en vereer, Hy is egter tog die enige ware, ewige Elohim, wat eens die hemele en die aarde met alles wat daarop, daarin en daaronder is, lewe en beweeg, uit Homself Self geskape het!

[14] Ek is Sy ewige Gestuurde en kom nou na julle toe om aan julle en julle kinders hierdie evangelie te verkondig.

[15] Daarom moet julle hierdie Elohim bo alles liefhê en Sy gebooie navolg, wat baie kortliks daaruit bestaan dat julle, soos Ek nou net gesê het, Hom bo alles moet liefhê en julle naaste soos julleself.

[16] Daarby moet julle ook glo dat juis hierdie Elohim, wat My Vader en vanaf alle ewigheid My liefde is, My na die wêreld gestuur het **sodat elkeen wat in My glo, die Ewige Lewe in homself kan hê en so `n kind van die Allerhoogste word!**

[17] Bring, sodat julle almal daardeur makliker kan glo, al julle siekes; dan sal Ek hulle almal gesond maak, aan watter siekte hulle ookal mag ly! Gaan daarom en bring hulle almal hier!"

[18] **Hulle** verbaas hulleself oor My woorde en roep asof uit één mond: "Die plek het `n groot sëen ontvang! Hoe magtig en wonderbaarlik klink die heilige en ware woorde van hierdie groot Weldoener! Waarlik, sulke vriendelikheid en goedheid is sonder arglis, sonder valsheid en sluheid; daarom sal ons ook sonder beswaar alles doen wat Hy ook maar van ons verlang. Want Hy wat vir ons `n vriend word voordat Hy ons nog gesien het, sal dit nog soveel te meer vir ons wees nadat Hy met ons gepraat het en ons in ons groot nood gesien het! Geloofd sy die God van Abraham, Isak en Jakob omdat Hy aan ons gedink het en homself oor ons ontferm het!"

[19] Na hierdie mooi woorde gaan hulle almal vinnig huis toe en bring in aller yl ongeveer **tweehonderd siekes** na My toe.

## *Genesingswonder te Kana in die dal. Lewensreëls en sosiale raadgewinge*

**211** Toe die siekes, sommiges begelei, sommiges moeisaam op muile sittend en sommiges siekbedlêend en deur mense aangedra, in `n halwe kring om My heen opgestel is, kom **die oudstes** van die plek na My toe en vra My:

[2] "Meester! U wat ons skulde aan die magtige en baie ryk Kisjonah betaal het - `n daad waarvoor ons u nooit genoeg kan dank nie, genees ook as U kan hierdie arme mense, sodat hulle hulleself saam met ons algeheel kan verheug oor die groot weldaad wat U ons bewys het."

[3] **Ek** sê: "Ja, Ek het julle daartoe aangemoedig en Ek kan en sal My belofte ook nakom; maar vooraf vra Ek julle of julle dit kan of wil glo? Julle geloof sal julle sekerlik baie help!"

[4] **Die oudstes** sê daarop: "Meester, ons meen dat U dit kan doen en daarom vertrou ons omtrent blindelings daarop dat U ons siekes sal genees deur U, aan ons nog onbekende, wonderlike geneesmiddele!"

[5] "Maar", sê **Ek**, "hoe dan, as Ek geen spesiale genees-middele by My het nie, geen heilsame olie of sap of een van die ander gebruiklike middele vir die genees van verskillende siektes? Hoe dink julle dan dat ek die siekes sal genees?"

[6] **Die oudstes** sê: "Meester! Hoe sou ons dit nou moet weet? Want ons het beslis van enige ander saak meer kennis as van die geneeskunde. In hierdie plek het ons wel `n arts, maar arts is hy eintlik nie, want hy het die mense slegs maar onder die grond in gehelp! As ons dus net soveel weet as ons dokter, dan sou ons oor U manier om al die siekes sonder die gebruik van geneesmiddele te genees ook niks kan sê nie; vandaar dat ons onmoontlik kan weet hoe U op `n natuurlike manier in staat sou wees om die siekes sonder geneesmiddele te genees!

[7] Miskien beskik U wel oor bonatuurlike middele, maar dit kan ons nie weet nie; of miskien is U `n leerling van die beroemde wonderdokter uit Násaret, genaamd JaHshua? Dan sou U natuurlik op dié manier wel kan genees!

[8] Dit is net `n ewige jammerte dat, soos ons gehoor het, die fariseërs in Jerusalem Herodes die vuur so na aan die skene gelê het dat hy ten lange laaste toegestem het om die baie beroemde Geneser gevange te neem en in `n kerker te gooi! O, dit is `n groot teenslag vir die arme, lydende mensdom!

[9] Tog is dit nog `n geluk dat Hy, na wat die mense sê, verskeie leerlinge in Sy kuns onderrig het! `n Leerling word wel selde so goed as sy meester; maar met die nodige ywer kan hy tog wel iets van sy meester geleer het. En dit is dan tog altyd nog iets baie belangriks, waarvan ons `n sterk vermoede het dat dit by U aanwesig is en daarom glo ons dat U - maar wat gaan nou aan?! Terwyl ons al die moeite doen om aan te toon dat ons ons geloof baseer op die feit dat u `n leerling van JaHshua is, staan ineens al die siekes op! Die blindes sien, die lammes loop, die stommes praat, die melaatses is rein! En daar was enkeles by met cholera, en wat aan tering ly, en hulle is gesond! Ag, so iets is tog vanaf die ontstaan van die wêreld nog nooit gesien nie! In die naam van die groot, almagtige Elohim, hoe het dit gebeur? Het U hulle almal genees? Of het daar miskien `n engel in hierdie dal neergedaal, en het hy die siekes almal onsigbaar aangeraak en so genees? Hoe - hoe het dit nou tog gebeur?

[10] U het nie eens na die siekes gekyk nie en U was slegs maar met ons besig, en al die siekes is nou gesond! O, sê ons tog hoe dit gebeur het!"

[11] **Ek** sê: "Waarom is die manier "waarop" nou so belangrik, as die siekes maar deur My wil en My innerlike woord, waaraan alles ondergeskik is, volledig gesond geword het, want daaraan kan julle tog sekerlik nie meer twyfel nie! Hierdie daad geskied egter nie soseer ter wille van die siekes nie, maar veeleer vir julle. Liggaamlik is julle wel heeltemal gesond, maar wat julle siel betref is julle sieker as wat hulle liggame aanbetref!

[12] Ek sou egter baie bly wees as Ek julle siel ook so kon genees as wat Ek die liggaamlik siekes genees het! Maar dit gaan nie so maklik nie, **omdat elke siel sy eie geneesheer moet wees.**

[13] Maar vantevore het Ek julle die geestelike medisyne al gegee; gebruik dit, dan sal julle in julle siel gesond word en daardeur sal julle julleself omvorm tot ware kinders van Elohim.

[14] Die woord wat Ek tot julle gespreek het, moet sonder die geringste toevoeging en sonder die minste weglating daadwerklik in ag geneem word. En julle paar Judeërs in hierdie plek moet in julle hart volmaakte Judeërs wees; en julle Grieke moet ware Judeërs word, sodat vrede en eenheid onder julle kan heers.

[15] Dus moet julle Grieke met jul sluwe woekergees die tog alreeds arm Judeërs nie meer genoodsaak om geld teen rente te leen om aan julle onregverdige invorderingseise te kan voldoen nie.

[16] Julle het die aarde met haar veelvuldige skatte tog nie geskape nie, sodat julle kan optree asof sy julle eiendom is?!

[17] Waarom eis julle dan van die Judeërs `n huursom, terwyl Elohim tog die land aan die Judeërs gegee het en slegs hulle dus die reg sou gehad het om van julle huur te vra? Julle is vreemdelinge in hierdie land van die Judeërs wat, meer so as julle, kinders van Elohim is, en tog vra julle huur vir die akkers, weiding en bosse, wat sedert Abraham eiendom van die Judeërs is! Vra julleself eers af of dit wel regverdig kan wees vir Elohim en al die regverdige mense!

[18] Daarom waarsku Ek julle vir die toekoms baie ernstig teen sulke skreeuende onregverdighede, omdat dit vir julle anders sleg daaraan sou toegaan!

[19] **Gee die baie onregmatig in besit genome goedere en eiendom gratis aan die Judeërs terug** en sien julleself in die land van die Judeërs vir dit wat julle is, naamlik **vreemdelinge**, dan sal julle `n geseënde aandeel in alles hê wat die Judeërs nou volgens die belofte letterlik sal ontvang; want anders sal julle deel hê aan die vloek van duisende en die gevolge daarvan!

[20] Dink nog maar eers goed daaroor na en dan sal julle sien dat die Judeërs in julle oë enkel en alleen maar lasdiere is!

[21] Julle het die Judeërs wel die politieke eiendomsreg laat behou en `n Judeër kan altyd nog sê: "Hierdie grond is my grond!"; maar julle kom hiernatoe met julle aanloklike koopware, en daarmee het julle van die mooie dogters en vrouens van die Judeërs ydele, pronksugtige dames gemaak, en van die blinde Judeërs gekke gemaak omdat hulle hul vrouens en dogters mooier vind met die Griekse optooisels as in die Judese ingetoë, eenvoudige klere! Daarvoor kry julle die vruggebruik van hulle akkers, tuine, weiding en bosse; en omdat hulle tog ook vir hulle eie lewensbehoeftes vrugte van hulle akkers wil oes, moet hulle duur as onderhuurder vir die gebruik betaal en van die oes ook nog `n tiende afgee! Bowendien laat julle hulle, as die eintlike besitters, al die belastings en ander laste dra!

[22] **Ek sê vir julle: hierdie onreg skrei ten hemele en roep om straf van bo!** Laat dus toe dat Ek julle teregwys, anders gaan julle die heel hardste tugroede van Bo nie ontkom nie!"